Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za** **Uitgawe 58:** 28 Augustus 2015

LÉÉF WERKLIK ONS WAARDES

Alhoewel groot pogings aangewend is in die loop van die jaar om 'n waarde-sisteem in ons skool te vestig, is ons eintlik maar in die kinderskoene van hierdie proses. Dis noodsaaklik dat die hele "Framesby-familie" werklik erns maak met die uitlewing van hierdie waardes en dat hierdie skool alom bekend raak as 'n plek waar almal regtig omgee vir mekaar, waar almal verantwoordelikheid aanvaar vir hul optrede, waar betroubaarheid vanself-sprekend is en mense mekaar met wedersydse respek behandel.

Uiteindelik hoef ons nie meer op reëls staat te maak nie, maar sal ons gedryf word deur ons waardesisteem om 'n gelukkige, ordelike en doelgerigte leer-omgewing te handhaaf waaroor ons jaloers kan waak en werklik as skool toonaangewend kan wees.

Niks kan egter as vanselfsprekend aanvaar word nie, en moet almal hande vat in hierdie proses. Ons werk immers met die toekoms van ons land, en in 'n samelewing waar middelmatigheid toenemend aanvaarbaar word en korrupsie, oneerlikheid en die afwenteling van aanspreeklikheid die norm blyk te wees, is dit gebiedend dat 'n skool soos Framesby jong volwassenes hier uitstuur met 'n onwrikbare waardesisteem as stewige fondament. Mag almal hierdie sentiment deel en saam bou aan ons "eiland van uitnemendheid"!

"SAVE THE DATE"

DONDERDAG 1 OKTOBER IN ONS SKOOLSAAL
KAARTJIES: R80 pp. Wins ten bate van ons Mannafonds

SPORT EN KULTUUR-DINEE

NUWE DATUM
Die geleentheid sal nou op Dinsdag 13 Oktober plaasvind. Uitnodigings word tans uitgestuur

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Adriaan Brink 10E
Lisa-Mari Brink 10E
Clarissa Erasmuss 9A
Reinier van Aswegen 10G

Sondag
Minette van Niekerk 10C

Maandag
Geen

Dinsdag
Juan Blom 11B
Luan Naude 11A

Woensdag
Elrich Botha 12A
Sean Els 12D
Jessica Gerber 11D
Darnell Levack 11B
Toiné Senekal 12D

Donderdag
Schantelle Greyling 12F
Shani Thiart 11B

Vrydag
Michaela Ferreira 12A
Marelize Smit 9A
Keagan Tait 11E
Ruan van Jaarsveld 11B

PRESTASIES, UITSLAE EN NUUS

KEITLIN EN NICOLE KOOK OP DIE DANSVLOER!



Keitlin Mitchell en Nicole Hills, twee van ons leerders wat gereeld pragtig as dansers presteer, het onlangs tydens ‘n danskompetisie wat by die Savoy-teater plaasgevind het, baie goed gevaar.

Keitlin het in die Jazz solo ‘n Silwer medalje verwerf en in die Hip Hip solo ‘n Goue medalje met 'n persentasie van 85%, verower. Nicole het in Moderne dans ‘n Silwer medalje verower, en in die Hip Hop solo ‘n Goue medalje verwerf met ‘n persentasie van 90% Sy is ook aangewys as die algemene senior wenner in die Hip Hop-afdeling vir die ouderdoms-groep 15 jaar en ouer. Hulle het ook 'n kwartetdans gedoen en 'n silwer medalje verower. Beide was ook in groepdanse betrokke waar hulle ook pragtig presteer het. In die Hip Hop het hulle ‘n Silwer plus medalje ontvang en in moderne dans Silwer. Hulle het uitstekend gevaar deur in beide Tap en Jazz Goue medaljes te verower.

Baie geluk julle twee! Ons is baie trots op julle.

DANSERS PUIK!

Dit was verlede naweek eksamentyd vir ons Dansklublede, en altesaam 135 leerders het hul eksamen suksesvol afgelê. Baie geluk!

Veels geluk aan die volgende wenners in elke groep: In die Pre-Brons het Nelrie Kruger 93% behaal. In die Brons het Monique Hatting uitgeblink met 91%, terwyl Leah Nell 96% in die Silwer behaal het. In die Goue Afdeling was Caitlin Garbers die groot uitbliknker met 96 %.

Caitlin en Kayla Koekemoer het die besondere eer te beurt geval om ingesluit te word in die Dare to Dance Studio se Cha-Cha-groep ingesluit te word. Pragtig!

“HOEZIT MY OU” VAAR PUIK!

Soos vroeër berig, het ons toneelgroepe die afgelope tyd wyd gereis. *Hoezit my ou*, een van die stukke, is by die Montagu-fees op die planke gebring, waar hulle uitstekend gevaar het. Die stuk het Silwer verwerf, terwyl Caitlin Garbers Goud verwerf het. Die groot uitblinkers was Juan Cumberlege en Arno Engelbrecht, wat beide Dubbel Goud verwerf het.

Baie geluk aan almal betrokke. Julle het ons baie trots gemaak!

On sander toneelstuk, *Grafiti*, het intussen Brons verwerf by die ATKV-fees. Ons sal volgende week volledig oor hul optrede berig.

Musiekleerders blink by Kunsfees

Tydens die Kunsfees, wat verlede week by Framesby aangebied is, het verskeie leerders uitstekend gevaar.

In die musiekafdeling het Anneke van Rooy Silwer ontvang vir Klavier (Klassiek sowel as Modern). Mieke Alberts het ook Silwer verwerf vir Klavier Graad 5 in die Barok-afdeling. Die koperblaaskwartet bestaande uit Lara Havenga, Cameron Lee, Tiana Cloete en Ulrich Koch het ook Silwer ontvang.

Elné Vosloo is beloon met Goud vir Klavier Graad 2 in die Romantiese afdeling. Tiana Cloete het ook Goud verwerf vir Graad 4 Trompet (Romanties). Mieke Alberts het ook Goud ontvang vir Viool Graad 5 (Modern). Die Forté Ensemble het ook Goud verwerf.

Die grootste musiek-uitblinker was Lara Havenga, wat ‘n Dubbelgoud ontvang het vir Trompet Graad 7 in die Klassieke Afdeling. Baie geluk almal. Pragtige prestasies!

Leerders blink in Eskom- en Bio Science-olimpiade

Ons het al gewoond geraak daaraan dat ons leerders uitstekend vaar in die verskillende Wetenskap-olimpiades, en vanjaar is ons weer baie trots. In die Eskom Wetenskap-olimpiade het Karla Muller, Laurika Botha en Twané Anderson almal Goue Diploma’s verwerf. Laurika en Twané gaan die Oos-Kaap tydens die September-vakansie op Nasionale Vlak verteenwoordig. Pragtig!
In die Bio Science-olimpiade het Dewald van Zyl en Luan Ras uitstekend gevaar deur beide Silwer te verwerf. Baie mooi!

INTERSKOLE 2015!

Die Interskole van verlede naweek was voorwaar ‘n geleentheid om te onthou, veral omdat die leerders van beide skole alles gegee het en gesorg het vir wonderlike kompetisie en die bou van ‘n pragtige tradisie. Alhoewel die wind later in die dag effens gepla het, het die weer ook saamgespeel dit ‘n skouspel te maak.

Die Gholf het reeds Donderdag plaasgevind, en daar was Nico Malan baas. Op Vrydag het ons hulle op die Tennisbaan ore aangesit, terwyl die Landlopers ook gemaklik gewen het. Die Skaakspelers het gelykop gespeel, maar die Debatspan en die Flinkdinkers moes ongelukkig die knie buig.

Op die Hokkieveld is sake kliphard uitgespook. Die O/16 Seunshokkie-span het gelykop gespeel, maar ons eerstespan het in ‘n harde wedstryd net nie al hul kanse benut nie en ongelukkig 0 -1 verloor. By die dogters was sake baie gelykop. Die O/14C-, O/16A-, 3de- en 2de spanne het almal gelykop gespeel, terwyl O/16C- en 4de spanne gewen het. Die O16B-span het ongelukkig verloor, terwyl ons eerstespan in ‘n klipharde stryd ook met 0 – 1 die knie moes buig.

Ons Netbalspanne het skitterend gevaar, alhoewel al ons O/14-spanne ongelukkig verloor het. Al die O/16- en O/18-spanne het pragtig gewen, en die eerstespan het in ‘n uitstekende en spannende wedstryd 28 – 25 met Nico afgereken. Uitstekend meisies. Werklik BAIE trots op julle!

Op die rugbyveld het Nico Malan maar klippe gekou, alhoewel die eerstespan die wa nie deur die drif kon trek nie. Al die ander spanne het goed gewen, en ons is veral opgewonde met die uitstekende vertoning van ons junior spanne. In die hoofwedstryd het die eerstespan alles reg gedoen om die wedstryd maklik te wen, maar ongelukkig fatale foute gemaak wat Nico Malan die geleentheid gegee het om die wedstryd onder ons neuse te steel. Alle eer aan ons opponent, maar ons kan baie trots wees op ons span wat vir groot dele van die wedstryd werklik uitstekend gespeel het. Volgende jaar maak ons reg en maak al ons spanne skoonskip!
Ons kan ook nie nalaat om al die ondersteuners, “Flashers”, dansers en cheerleaders te bedank nie. Dit was great!

ALGEMEEN EN SIELSKOS

NET GOD GEE SIN

DAAR is vandag miljoene mense wat as praktiese ateïste bestempel kan word. Hulle lewe sonder om met God rekening te hou. As 'n mens met hulle oor God praat, trek hulle hul skouers op. Of daar 'n God is? Hulle weier om hulle daaroor te bekommer. In elk geval maak dit aan hul lewe geen verskil nie. Maar hoe moet dit tog wees om so te lewe? Is dit nie die toppunt van oppervlakkigheid nie? Hoe is dit moontlik dat mense soos diere kan lewe wat geen vraag stel oor waar hulle vandaan kom en waarheen hulle gaan nie, wat blykbaar maar aanvaar dat die mens soos alle lewende organismes op aarde opgeneem is in 'n proses van gebore word en sterwe, sonder enige verdere doel, net maar as deel van die grillige natuur waaragter ons niks verder moet soek nie? As 'n mens nie totaal oppervlakkig is nie, moet dit vir jou onmoontlik wees om so te lewe, omdat geen mens werklik menslik kan lewe sonder om die sinvraag te stel nie. Blykbaar is die moderne Westerse mens al so afgestomp dat hy daarin kan slaag om sy lewe te vul met duisende dinge wat hom besig kan hou, sodat hy nie meer die vraag na die sin van sy lewe hoef te stel nie. Daarom kan hy dit oënskynlik regkry om 'n nihilis te wees sonder om van pyn te sterwe. Nihilisme is die lewensinstelling van die mens wat oortuig daarvan is dat daar werklik niks agter die dinge is nie, geen hemel en geen hel nie, geen God en geen duiwel nie, geen sin en geen waarde nie, geen doel en geen betekenis nie. Die nihilis verstaan homself dus as die produk van 'n grillige toeval, as 'n reisiger na nêrens, as 'n wese sonder 'n toekoms, sonder skuld en sonder hoop. Vir 'n normale mens is dit 'n onhoudbare posisie. Die egte groot vaders van die moderne nihilisme het nog die pyn daarvan gevoel en, soos Nietzsche, met ontsetting besef hoe koud en sinloos alles in die wêreld geword het vir die mens wat in niks meer glo nie, tot niks meer bid nie en op niks meer vertrou nie. Dit wil egter voorkom asof die moderne mens daaraan gewoond begin raak, asof hy homself maar met allerlei ander dinge begin troos, en so die onhoudbaarheid van sy posisie nie meer besef nie. In baie gevalle word die plek van die geloof in God ingeneem deur een of ander ideologie wat beslag lê op die mens se lewe vir diens aan die mensheid of aan 'n groot utopiese droom. Dit skep dan die illusie dat daar tog genoegsaam sin in die lewe is ook sonder die geloof in God. Maar op die laaste vrae van die mens se lewe kan dit geen antwoord wees nie. Dit dien as 'n pynstiller, maar uiteindelik kan dit geen egte vrede aan die hart bied nie. As daar geen God is nie, is daar geen sin nie. En as daar geen sin is nie, dan krimp die hart ineen onder die druk van die leegte. Kan die hel erger wees as dit?

Uit *Die Burger* 16 Januarie 1988

MONITORBESTUUR VIR 2015-2016

Tydens die verkiesing wat onlangs gehou is, is die volgende leerders gekies tot Monitorbestuur. Hierdie leerders sal binnekort 'n kamp bywoon waarna hulle amptelik ingehuldig sal word. Die Hoofleiers vir die termyn sal daar bekendgemaak word. Baie geluk en baie sterkte met die groot verantwoordelikheid!

GRAAD 11'S

DOGTERS	SEUNS
Gustel Agenbag	Warren Bower
Charlene de Jager	Ian Gerber
Maritana du Toit	Francois Kruger
Caitlin Garbers	Ruben le Roux
Bridget Hart	Bernard McDonald
Lara Havenga	Willem A Odendaal
Almarize Kleu	Roelof Roodt
Janke Pienaar	Leslie Sharp
Carissa Struwig	Tian Smith
Aniéke van Jaarsveld	Kyle Snyman
Wilanie van Zyl	Keagan Tait
Carla Viviers	Willie v d Merwe
Melandrie Wilken	

GRAAD 10'S

Caroline J v Rensburg	Tiaan Coetzee
Sanri Marx	Julian Kleyn
Keitlin Mitchell	Jaco Mclaren
Leah Nell	Jason van Tonder

GRAAD 12 EKSAMEN BEGIN

Die Voorbereidende Eksamen van die Matrieks begin Maandag. Baie sterkte. Ons dink aan julle!

Die volgende vraestelle word in die week geskryf:

	Oggend 09:00	**Middag 14:00**
Maandag 31 Augustus	IT Prakties	English Paper 3
Dinsdag 1 September	CAT Prakties (1ste Sessie 08:00)	Toerisme
Woensdag 2 September	Lewensweten-skappe V1	Afrikaans Vraestel 3
Donderdag 3 September	Geen	
Vrydag 4 September	Lewensoriën-tering	